Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 3 Desember 1947 No. 3

# S.A. Britse Basis

**Die militêre belangrikheid van Suid-Afrika in die verdediging van Brittanje en sy Ryk het opnuut op die voorgrond gekom met die besoek van veldm. Montgomery, opperbevelhebber van die Britse leër, aan Suid-Afrika. Alle berigte dui daarop dat Suid-Afrika met kop en pootjies ingesleep word om die spit vir Brittanje in die volgende oorlog af te byt.**

**Dit is geen geheim meer nie dat Suidelike Afrika bestem is as een van die belangrikste strategiese gebiede in die netwerk van Ryksverdediging. Hierdie feit het die Cape Times die afgelope week onderstreep.**

Die blad hèt aangekondig dat veldm. Montgomery militêre samesprekings met veldm. Smuts sal hou voordat hy die land verlaat, en dat Montgomery onlangs voordat hy na Suid-Afrika gekom het, amptelike besoeke afgelê het aan Wes-Afrikaanse basisse.

„Dit is reeds 'n ope geheim dat die geweldige ekonomiese en militêre ontwikkeling van Oos- en Suidelike Afrika beskou word as 'n onderstreping van die belangrikheid van Suidelike Afrika as 'n strategiese gebied in die toekomstige netwerk van Imperiale verdediging", verklaar die blad.

# Speurders Val Ou Brandwag Van 84 Jaar Lastig

**Op 12 deser het politieke speurders 'n besoek gebring aan die kamer van Brandwag Langenfeldt, een van die oudste lede van die organisasie aan die Rand. Hy is reeds 84 jaar oud.**

**Die speurders sou dan verneem het dat hy radio-berigte uitsaai. Heeltemal natuurlik het die oubaas aan die speurders gevra aan wie hy die berigte sal uitsaai en wat die inhoud van die berigte sal wees. Dit het die plaaslike O.G.P.U. nie geweet nie. Die ondervraagde ook nie.**

Ten einde vas te stel of hy nie 'n vuurwapen besit nie, het hulle hom gevra of hy dan nie bang is om so alleen te woon nie, en of hy dan nie gewapen is nie.

Op verdere vrae het mnr. Langefeldt geantwoord dat hy wel lid is van die O.B. en dat hy vir die ideale van die O.B. sal propaganda maak totdat hy sterf.

**ELDERS NODIG**

**Dit word nou hoog tyd dat die regering hierdie afdeling van sy speurdiens gebruik op die front waar blanke vroue en dogters die slagoffers is van naturelle-aanrandings.**

Dit is nou reeds agt jaar lank dat Afrikaners se huise deursnuffel word deur die Spesiale Speurdiens op aanklagtes van persone wat enigiemand kan verkla omdat hul identiteit deur die regering beskerm word.

In die O.B. heers 'n kode van dissipline wat vir die skinderbek ondeurdringbaar is. Onder die Party-diktatuur word hy beskerm.

# NOODHULPFONDS SE ADRES

**In die K.G. se oproep vir die Noodhulpfonds het daar 'n ongelukkige fout ingesluip by die posbusnommer van die sekretaris. Dit moet wees: Posbus 1059, Pretoria.**

**Reëlings is met die poskantoor getref om bydraes wat moontlik reeds aan die verkeerde adres gestuur is, te onderskep.**

# NATURELLE-LEIER SÊ HY KIES O.B. SE KANT TEEN KOMMUNISME

**„Die toekoms van die naturel kan net deur twee groepe beslis word—die Kommunistiese Party en die Ossewabrandwag. 'n Revolusionêre verandering is nodig en dit kan slegs deur een van hierdie twee groepe teweeg gebring word. Ek ondersteun die Ossewabrandwag," het die Naturelle-leier E. Domingo, volgens verslag in „The Guardian," verlede week in 'n onderhoud met die blad gesê.**

**Domingo is 'n leier van die African Improvement Movement, 'n nasionale beweging onder die Naturelle, wat hulle vereenselwig met die Afrikaner se segregasiebeleid. Hulle is baie sterk anti-kommunisties.**

Volgens die verslag het Domingo hom sterk uitgespreek teen die "African National Congress" wat hy beskuldig het dat dit nie die belange van die naturel beoog nie, maar die instrument is in die hande van enigeen wat dit wil beheer. „Ek sal met geen rasse-groep saamwerk nie, behalwe die Naturel," het hy daaraan toegevoeg. (Die African National Congress bewyer hom onder andere vir die samewerking tussen Naturelle en Indiërs teen die blankes).

**GEEN KOMMUNISME**

Op 'n vraag oor die kommunisme het Domingo geantwoord: „Ek kan baie leer van die kommunisme. Ek het Upton Sinclair, Lenin en Tolstoi bestudeer. **Ek het van hul teorieë geleen, maar kommunisme in Suid-Afrika is van geen waarde vir die Naturel nie. Ek ondersteun segregasie met gelyke geleenthede vir albei groepe."**

Met die verwysing na die Afrikaner se standpunt het hy gesê: „Histories is die Afrikaner en die Kleurling en tot 'n groot mate die Afrikaner en die Naturel meer aan mekaar verskuldig as enige ander twee rassegroepe."

**KIES O.B.**

Ten opsigte van die politieke partye het Domingo hom as volg uitgelaat, volgens die verslag: „Die toekoms van die Naturel kan nie deur die Nasionale en Verenigde Partye beslis word nie. Albei is kapitalistiese groepe . . . **Slegs twee groepe sal hul lot beslis — die Kommunistiese Party en die Ossewabrandwag. 'n Revolusionêre verandering is nodig en kan slegs deur een van die twee groepe teweeggebring word. Ek ondersteun die Ossewabrandwag."**

(Vervolg op bladsy 2)

# STALIN LOODS CHAOS IN FRANKRYK

**Die Kommuniste in Frankryk doen alles in hul vermoë om die Franse ekonomiese lewe deur reuse-stakings lam te lê en soveel moontlik voordeel te trek uit die chaos wat hulle veroorsaak. Meer as 200,000,000 Franse werkers onder leiding van die Kommunisties-beheerde vakbonde staak reeds en baie vakbonde dreig om hul gewig by die stakers in te gooi.**

Saam met die stakings het die Kommuniste nou 'n nuwe strydmiddel ingewerp. Sabotasie kom reeds op groot skaal voor. Treinspore en treine word veral vir hierdie doel uitgekies.

Intussen doen die Franse regering onder leiding van Robert Schuman, alles in sy vermoë om die Kommuniste aan bande te lê. Drastiese wetgewing om sabotasie, stakings en onluste te voorkom, word nou deur die Franse Nasionale Vergadering aangeneem.

# Twee Miljoeners In Hof Op Diefstalklag

**Opskudding is verlede week verwek toe twee bekende miljoenêrs in Johannesburg in hegtenis geneem is op aanklag van diefstal. Die saak is tot vandag uitgestel.**

Die beskuldigdes is Norbert S. Erleigh, voormalige voorsitter van die New Union Goldfields-groep, en J. Milne, voormalige besturende direkteur van dieselfde groep. Hulle is op borgtog van £5,000 elk uitgelaat.

Die New Union Goldfields is onlangs onder geregtelike bestuur geplaas nadat daar op 8 Oktober aangekondig is dat die groep met uitsondering van drie maatskappye oorgeneem is deur die Anglo Transvaal Consolidated Investment Company.

Erleigh is 19 jaar in die land en is in Londen gebore. Hy was direkteur van 'n groot menigte maatskappye. Milne is in Littoue gebore en het in 1912 na Suid-Afrika gekom. Behalwe dat hy direkteur van 26 maatskappye is, was hy verlede jaar ook voorsitter van die Board of Jewish Education.

# Agter Die Ystergordyn Ook Skorte Van Plank



**Die Russe neem strenge voorsorgsmaatreëls in die Sowjet-beheerde gebied van Finland (in die omgewing van Porkala) om te verhoed dat passasiers wat per trein deur die gebied ry, niks van die onderduimse bedrywighede van die Russe te sien kry nie. Treine wat van Helsinki na Abo ry se vensters word toegespyker soos op die foto, sodat niemand 'n ogie op die „verbode gebied" kan kry nie. Spesiale wagte vergesel die passasiers om hulle te verhoed om na buite te kyk.**

**Die foto toon die eerste trein wat onlangs deur die gebied gery het. 'n Lid van die Finse polisie salueer een van die Russiese wagte.**

**Die herinstelling van die doodvonnis, wat 'n paar jaar gelede in Italië afgeskaf is, sal binnekort deur die Italiaanse parlement bespreek word op voorstel van die Christelike afgevaardigde Florrestano di Fausto, wat verklaar dat hy dit doen met die oog op die geweldige misdaadgolf in die land.—(Sapa-Reuter.)**

# Reënmakery „Slaag" In S.A. — Nuwe Metode In V.S.A.

**Wetenskaplikes en ander „reënmakers" het die afgelope tyd hul koppe gekrap oor die beste metode waarop hulle „reën kan maak". Ook in ons land is die praktyk uitgetoets wat bevredigende resultate gelewer het. Droë ys word nl. oor wolke met behulp van vliegtuie gestrooi. Die gevolg is dat verkwikkende stortbuie die aarde benat.**

Die derde poging om reën in Suid-Afrika te maak, is 'n paar dae gelede in Transvaal, 20 myl suid van Witbank uitgevoer. Volgens persberigte was hierdie poging suksesvol en het 'n groot donderbui uitgesak nadat die droë ys op die wolke gestrooi is.

Op die plaas Roodepoort, naby Kriel, het twee persone per vliegtuig bokant 'n groot swaar wolk rondgedraai en hul vrag droë ys oor die wolk gestrooi. Die wolk het dadelik swart en donker geword en binne vyf minute het 'n bui reën oor 'n vyf myl wye gebied uitgesak.

### SKEPTIES

Boere staan egter skepties teenoor hierdie soort van „reënmaak" en hou vol dat die wolk op die punt was om uit te sak toe die droë ys afgegooi is, en heg nie veel waarde aan die proefnemings nie.

'n Amerikaanse „reënmaker," dr. Langmuir, maak nou daarop aanspraak dat hy 'n beter metode uitgevind het om reën te maak. Hy verklaar dat dieselfde resultate verkry word as vliegtuie water oor stapelwolke loslaat. Die neerlaat van die water oor die wolke veroorsaak 'n ketting-reaksie soortgelyk aan die by die ontploffing van die atoombom, aldus dr. Langmuir.

### GEWONE WATER

Hy sê dat die wolke nie noodwendig bokant vrieshoogte hoef te wees as hy sy nuwe tegniek toepas nie. Dit veroorsaak dadelik reën. Om sy metode te laat slaag moet daar 'n opwaartse windstroom wees en die wolke moet verskeie duisende voete dik wees.

Een geslaagde proefneming is reeds by Honolulu uitgevoer. Dit het meer as een duim reën oor 'n gebied van 35 myl laat val.

'n Ander „reënmaker," Vincent Schaefer, van Amerika, verklaar dat hy kans sien om donder- en haelstorms te temper en hulle geweld te verminder. Hy het ook al reën voortgebring deur droë ys oor die wolke uit te strooi, maar dit egter nog nie reggekry om donderstorms te tem nie.

(Vervolg van bladsy 1)

### TE OORDREWE

Met verwysing na ander groepe soos die Nuwe Orde en Gryshemde het Domingo gesê dat hul anti-gesindheid te oordrewe is. „Nadat ek die Nasionale Party se geskrifte gelees het, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat dit onmoontlik is om met hulle saam te werk.

**„Ek as 'n individu voel nader aan die Ossewabrandwag. Van Rensburg is meer bewus van die vraagstukke van die dag as Malan. Die O.B. is meer progressief as die Nasionale Party. Dit wil elke persoon toelaat om tot die hoogste ontwikkeling te kom, terwyl die Nasionale Party dit nie wil nie."**


### BEGINSELVAS

Met betrekking tot sy eie organisasie het Domingo gesê dat dit hoofsaaklik bedoel is vir die opgroeiende geslag en nie die huidige nie „wat nie genoeg beginselvas is vir 'n groot politieke beweging nie."

**Die Guardian toon in sy berig dat as daar een ding is wat die Kommuniste in die land vrees, dit die samewerking tussen die Afrikaner en die Naturel is. Die blad beskou die houding van Domingo as 'n poging van die „fasciste" om die verenigde front van nie-blankes te verdeel en magteloos te maak. „Indien hulle nie in staat is om die beweging (van kommunistiese gelykstelling) uit te wis nie, kan hulle ten minste poog om dit te verdeel en te verwar."**

# ERETEKEN vir STRYD TEEN EMPIRE

**Die kenteken van die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes het die afgelope week opspraak in die Engelse pers veroorsaak.**




**Bostaande is die ere-kenteken wat aan elke lid van die Bond uitgereik is. Die vertikale balkies op die wapen verteenwoordig die tralies van die tronke en die doringdraad op die horisontale balk die interneringskampe.**

**Die Bond bestaan reeds meer as 'n jaar maar die Engelse pers het dit nou eers uitgevind.**

# Nie-Blankes Presteer Swak Weens Gebrek Aan Vooruitsig

**Suid-Afrika staan vandag voor die probleem dat sy fabrieke geen uitgewerkte stelsel het wat voorsiening maak vir die bevordering van sy nie-blanke en naturelle arbeiders nie. Waar hulle vandag begin, staan hulle oor tien jaar nog, het dr. P. A. Theron van die Universiteit van Stellenbosch, verlede Donderdagaand voor sakemanne in Kaapstad verklaar toe hy 'n vergadering onder beskerming van die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer toegespreek het.**

Dr. Theron het gewys op die probleme van die arbeider wat sy produktiwiteit verlaag. Op die gebied van nie-blanke arbeid is ons nog heeltemal onkundig. Hy het beklemtoon dat die werker gelukkig in sy werk moet wees en dat daar vooruitsigte om bevordering aan hom gegee moet word. Ongerymdhede wat die arbeider beïnvloed laat sy produktiwiteit daal.

Dr. J. A. J. van Rensburg, bekende sielkundige van Stellenbosch het aansluitend die arbeidsprobleme wat in die distribusiehandel ontstaan, behandel. Die menslike faktor is hier veral belangrik. Mens moet die soort werk doen waarvoor jy aanleg het anders is jy ongelukkig. Te veel verstand vir 'n sekere soort werk, laat jou ook ongelukkig voel.

Deskundiges staan egter dikwels voor die probleem, dat hoewel die vraagstukke prakties is, hulle dikwels net teoretiese oplossings kan aanbied.

Dr. Schumann wat die betekenis van arbeid behandel het, het verklaar dat die winsmotief alleen verkeerd is. Dit moet gepaard gaan met diens. Die groot massas moet gehelp word om hul loopbane beter te kies, aldus dr. Schumann.

# Oorsese Joernaliste Verwyt Regering Oor Swak Inligting

**Suid-Afrika moes die afgelope week nogmaals verneem hoe gebrekkig sy publisiteitsdienste in die buiteland is. Hierdie keer was die getuies besoekende persmanne vanuit Europa en elders wat hulle genoodsaak gevoel het om te beklemtoon dat die Unie in hierdie opsig ver agter staan en dat die buitewêreld baie min van Suid-Afrika weet. Hulle het eenparig die mening uitgespreek dat Suid-Afrika in hierdie opsig baie meer behoort te doen.**

Dertien persmanne uit verskillende dele van Europa het die Unie vir 'n paar dae besoek, en selfs hulle wat elke dag in aanraking kom met wêreldgebeure het min van Suid-Afrika geweet omdat daar nie gesorg word vir publisiteit in die buitewêreld nie.

Verskeie van die persmanne het hul mening hieroor gelug. Mnr. Lief. Hendil, redakteur van 'n nuusblad in Kopenhagen, het verklaar: „Suid-Afrika doen te min in Europa om ons te vertel van julle mooi land — en meer belangrik—die vasberade manier waarop die probleem aangepak word."

Mnr. Francois Prete, algemene bestuurder van 'n Brusselse koerant het verklaar: „Julle moet julle propaganda ontwikkel." Hy het voorts die belangrikheid van samewerking tussen Suid-Afrika en België beklemtoon.

Die ander gebrek wat hulle in Suid-Afrika opgeval het, is die swak hotelle.

# Kenteken Skok En Streel Reisigers

**Sommige Cape Times-lesers het verlede week die oë gerek toe hulle in 'n voorstedelike trein besig was om 'n berig in hul koerant te lees waarin melding gemaak word van die kenteken van die Bond van Oudgeïnterneerdes en Politieke Gevangenes, en toe skielik voor hulle die gewraakte kenteken aan die bors van 'n man opmerk.**

Die eienaar van die kenteken was „oom Ghandhi". Hy was reeds bewus van die berig in die Engelse oggendblad, en vanwaar hy gesit het, kon hy sien dat 'n leseres reg voor hom besig was om deur die berig ontstig te word. Haar oog het skielik die vreemde silwerwapen met doringdraad en ystertralies teen sy bors opgemerk. Vir 'n paar oomblikke het sy dit belangstellend betrag, en toe plotseling en vies bewus geword dat sy voor haar oë die voorwerp van haar ontstigting sien.

Sy het die koerant vir die res van die reis hoog voor haar opgehou in 'n poging om haar lojaliteit in algehele isolement te bewaar.

'n Bietjie verder het oom Gandhi 'n bekende raakgeloop, wat dadelik verneem het of dit die wapen is waaroor die Cape Times dit het. Die antwoord is deur verskeie mense in die omgewing gehoor—soos geblyk het uit welwillende glimlagte en viese stroefheid.

### OUD-SOLDAAT

Later in die dag het oom Gandhi teenoor 'n oudsoldaat met sy Springbokwapen te staan gekom. Die vriend wou weet of dit die wapen is waarna die Cape Times verwys het. „Ja", was die antwoord, „en ek is net so trots daarop as jy op jou wapen, meneer". Dit het gelyk of die oudsoldaat verstaan het.

Oom Gandhi verklaar dat die idee van 'n bond van oudgeïnterneerdes reeds jare gelede in die kamp ontstaan het. „Ongelukkig", het hy daaraan bygevoeg, „pas die Afrikaanse koerante 'n verswygingsbeleid toe ten opsigte van sekere volksgebeure, en moet mens dikwels maar 'n Engelse koerant koop om sekere nuus in gedrogtelike vorm te lees".

# AS VRAGMOTORS TOU MOET STAAN

**Indien Amerika al sy vragmotors agter mekaar in 'n ry laat inval met stamper teen stamper, sal dit 'n vliegtuig twee volle dae en nagte neem om in een vlug die hele ry te oorvlieg. Indien die agterste vragmotor sou besluit om teen 'n snelheid van ongeveer 30 myl per uur vorentoe te jaag ten einde die voorste plek in te neem, sal dit hom twintig dae en nagte neem om sy plek te bereik. In werklikheid sal die ry wat so met vragmotors gevorm word, van Kaapstad af tot Londen en terug strek.**

**Teenoor die 215,000 vragmotors wat daar in 1916 in Amerika was, is daar vandag 6,000,000, en hulle verskaf regstreeks werk aan 3,800,000 mense. Hulle verbruik elke jaar 5,800,000,000 gelling petrol —of genoeg om vier stapels van een gelling-blikke na die maan te pak.**



**MANSHORLOSIES** Vanaf 12/6
**DAMESHORLOSIES** Vanaf 25/-
**VULPENNE**, Conway Stewart ... Vanaf 14/6
Ek het ook **PARKER-** en **SCHAEFER-PENNE** en **-POTLODE** in voorraad.
**SWITSERSE VELOX-SKEERLEMMETJIES**, per pakkie van 10, 1/6.
Deskundige Herstelwerk aan Horlosies.

**H. J. Steyn**
**DE VILLIERSSTRAAT 17**
**VASCO**

# SKITTERENDE JAARBOEK VAN GEBIED F

**Die Jaarboek van die Ossewabrandwag in Noord-Transvaal het so pas sy verskyning gemaak. Gebied F kom die eer toe dat hulle die puikste publikasie wat nog ooit van O.B.-kant verskyn het, die lig laat sien het. Dit staan kop en skouers uit bokant enige soortgelyke publikasie wat nog vanjaar die lig gesien het.**

Daar word in hierdie uitgawe voortgebou op die sukses wat verlede jaar behaal is. Dit oortref die vorige uitgawe in alle opsigte, veral die artistieke afwerking gee aan die werk 'n besondere karakter.

In die voorwoord verklaar die redaksie dat daar al „'n geruime tyd die behoefte gevoel word aan 'n eie voorligtingsblad waar nie alleen sake van organisatoriese belang bespreek kan word nie, maar ook voorligting aan ons lede gegee kan word." In hierdie opsig is die blad 'n lywige dokument van 92 bladsye met artikels uit die pen van leidende figure in die Ossewabrandwag. Behalwe talle ander interessante artikels is daar ook 'n artikel van S. J. de Jongh en 'n bydrae uit die Baviaanspoortse tronk uit die pen van H. S. van Blerk wat tot lewenslange tronkstraf gevonnis is.

**PRAGTIGE FOTO'S**

Wat besondere kleur en waarde aan die blad gee is die Foto-album onder redaksie van P. W. Buys wat nie minder as 22 bladsye beslaan nie. Die geskiedenis en hoogtepunte van die Ossewabrandwag se bedrywighede in die afgelope jaar word hier op treffende wyse in beeld weergegee. Dit is eenvoudig besielend.

Ons wil hierdie Jaarboek met sy Uniale waarde vir die Ossewabrandwag, by elke O.B.-lid ten sterkste aanbeveel. Plaas u bestelling, vergesel van 2/6 dadelik by **Gebiedshoofkwartier, Posbus 1230, Pretoria.**

# UITSLAE VAN TUSSEN-VERKIESINGS

In die tussenverkiesing wat verlede Woensdag te Langlaagte gehou is, het die kandidaat van die V.P., mnr. A. E. Robinson, 'n meerderheid van 2,344 stemme behaal. Slegs 43 persent van die totale aantal kiesers het gestem. In Benoni het dr. W. Osborn van die Arbeiders party (Macpherson-groep) die paal gehaal met 2,840 stemme teenoor die Madeley-kandidaat, J. R. Shorten, wat die steun van die H.N.P. geniet het. Bietjie meer as 50 persent van die kiesers het gestem.

# Belge As Russiese Slawe

**Meer as 2,000 Belge word deur die Russe as slawe in Kolberg, Pole, aangehou, volgens Eugene Verdoodt van Brussels wat onlangs uit die kamp ontsnap het en daarin geslaag het om agter die ystergordyn uit te kom. Hierdie Belge is deur die Russe in Duitsland geskraap waar hulle oorlogsdiens vir die Duitsers verrig het.**

# Kakamas Presteer Met O.B.-Dag

**Genl. F. M. Joubert van Kakamas berig dat die kommando's van Kakamas 'n groot verbetering getoon het met hul O.B.-dag funksie vanjaar.**

Op 15 November is die insameling van fondse vir die jaar afgesluit met 'n gesamentlike funksie gehou onder die lemoenbome by brandwag Lewies van der Merwe.

Die funksie is geopen met gebed deur Komdt. Gert van Rensburg wat daarna 'n besielende toespraak gelewer het. Spreker het O.B.-lede versoek om terug te dink aan die jaar wat verby is en te onthou waar dinge verkeerd gedoen is of waar pligte teenoor die O.B. versuim is en lede gemaan om in die toekoms hierop te verbeter.

Die geesdrif op die funksie was besonder goed. 'n Paar lede van die Vroue-kommando het pragtig presteer met woeker voor die funksie. Een skaap is opgeveil vir £10/15/- en 'n ander het deur skyfskiet £8/7/6 ingebring. Selfs van die vroue het deelgeneem aan die skyfskiet en het goed vertoon.

**Dit was bemoedigend om te sien dat nie-O.B.-lede ook die funksie bygewoon en ondersteun het. Die totale bedrag van byna £120 is ingesamel — 'n mooi verbetering op die vorige jaar.**

# Nog Duisende Britte Vir Suid-Afrika

Daar wag nog 95,000 Britte op skeepsruimte om na Suid-Afrika te kom en 'n nuwe begin hier te maak, volgens 'n verklaring in Londen.

Mens sou reken dat aangesien Brittanje self 'n tekort aan arbeidskragte het, hy begerig sou wees om sy mense te behou. Uit die oogpunt van die Empire is dit egter voordeliger om hulle uit te voer ten einde die bande van die Britse Ryk te versterk.





Springbok

Die Sportman se Sigaret

20 vir 1/-

OOK IN PAKKIES VAN 10 EN 50

MET EN SONDER KURKMONDSTUK

U/S.327

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton


# Fanie Jacobsz Oorlede

Mnr. Fanie Jacobsz, voormalige eienaar van die Commodore, is verlede week na 'n lang siekbed in Pretoria oorlede. Hy is 'n agter-kleinkind van pres. Kruger en was slegs 39 jaar oud. Hy het 'n besonder avontuurlike lewe gehad, en was veral lief vir die seevaart, wat hy saam met sy oom, Dirk Eloff, op die boot „Sarie Marais" begin het. Hy het later



**Wyle Fanie Jacobsz**

die Commodore gekoop en verlede jaar 'n skeepsvrag steenkool na Argentinië geneem.

'n Tiental jare gelede was hy veral in die nuus weens sy deelname aan die teer-en-veerdery van prof. Lamont wat 'n boek geskryf het wat aanstoot gegee het aan die Suid-Afrikaanse vrou.

# LIEWER HONGER AS UIT MODE — KOSVERMORSING IN ENGELAND

**Terwyl die Unie-regering groter geriewe in werking stel om voedsel na Engeland te stuur en hy self offers van die volk verg om die Britte se diëet smaakliker te maak, lê groente (wat Brittanje self produseer) op die mark en vrot en word tonne daarvan weggery vir die varke omdat die spyskaarte nie volgens Engelse opvatting goed pas nie — daar moet glo ook vleis op die spyskaart wees voordat b.v. groenboontjies geëet mag word.**


**Vyf-en-tagtig ton groente bestaande uit boontjies, komkommers en pampoene is onlangs van die Manchesterse groentemark na die varkhokke gery omdat die Britte dit nie wou hê nie.** Boere wat met die hande in die hare sit omdat hulle nie hul produkte van die hand kan sit nie, vind dat as hulle in kafees eet, verlede jaar se blikkiesgroente aan hulle opgedis word terwyl hulle eie vars groente varkhok-toe moet gaan.

Restaurante in Brittanje koop nou groot hoeveelhede blikkies groente — sommige waarvan ingevoer is o.a. uit Suid-Afrika — omdat hulle verklaar dat hulle nie bediendes kan kry wat die vars groente in die kombuise wil skoonmaak en voorberei nie.

'n Waarnemer in Manchester verklaar dat dit een van die Britse ekonomiese probleme is wat hy blykbaar nie kan oplos nie; daar is hope goeie en vars groente op die mark te kry, maar dit lê en vrot terwyl daar 'n graat skaarste aan voedsel op die Britse tafels is.

# NYWERHEDE BREI UIT

Daar is 'n algemene toename in die nywerheidslewe van die Unie, na dit blyk uit die nywerheidsensus wat so pas vrygestel is. Die verslag bevat gegewens oor 10,877 nywerheidsinrigtings met 'n bedrag van meer as £170 miljoen aan vaste kapitaal. Hierdie inrigtings verskaf werk aan 165,000 blankes en meer as 488,000 nie-blankes. Altesaam betaal die ondernemings £94,000,000 jaarliks aan lone uit.

***ALMAL* afhanklik van Assuransie!**

**Die KINDJIE**—vir die sekerheid van 'n geldelik versorgde lewe, al is die ouer dan nie meer daar nie.

**Die SKOOLSEUN**—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.

**Die STUDENT**—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.

**Die EGPAAR**—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.

**Die WEDUWEE**—vir 'n leeftog vir haarself en haar kroos, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.

**Die GRYSAARD**—vir die onbekommerde oudag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

**Vir ELKEEN is daar *'n SANLAM-Polis!***

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-4

DIE O.B., WOENSDAG, 3 DESEMBER 1947

# UIT DIE MOND VAN VREEMDELINGE

Suid-Afrika word bewoon deur twee volksgroepe, die Afrikaanse volk, wat hier gebore is en al vegtende om sy bestaan te handhaaf teenoor die tweede groep, die Engelse, opgegroei het. Vir die liberalis—en dit is wat die regerende party voorgee te wees — sou hierdie samestelling van die Unie-bevolking die reg vir albei groepe meebring om hulself te handhaaf.

Die regerende party beroem hom daarop dat hy aan bewind geplaas is deur sowel Engels- as Afrikaanssprekende ondersteuners, en dat hy hom beywer vir gelyke beregtiging sover dit die twee volksgroepe betref. Met die vorige verkiesing is daar veral in regeringskringe beklemtoon dat die soldate, wat vir sestig persent Afrikaanssprekend was, vir die regerende party gestem het.

Die regerende party maak ook aanspraak daarop dat hy 'n demokratiese regering is en homself beskou as 'n dienaar van die **hele** volk, en dus die belange van „alle seksies" op die hart dra.

## *Joernaliste se Uitspraak*

'n Groepie buitelandse joernaliste — en joernaliste is mense wat op hierdie punt met die hoogste gesag kan praat—het egter verlede week met 'n paar harde speldeprikke die seepbel van regeringsmisleiding laat ontplof. In hul menings oor ons land het verskeie van hulle verwys na die moontlikhede van immigrasie, en dit is opvallend hoe hierdie mense onbewus 'n gloeiende aanklag uitgespreek het teenoor die regering se immigrasiebeleid. Dit is slegs nodig om 'n paar aanhalings te neem uit hul opsommings.

Die Hollandse redakteur spreek 'n hoop uit — wat aandui dat dit nog maar 'n onvervulde wens is:—

„Ek hoop dat Nederlandse immigrante geruime geleentheid sal kry om hulle in hierdie pragtige land te vestig . . . . "

Die Deense redakteur se aanklag lui pront en reguit:

**„Suid-Afrika doen te min in Europa om ons te vertel van u mooi en werksame land . . . . "**

**Die Belgiese redakteur kla:**

**„My gevolgtrekking uit wat ek gesien en gehoor het, is dat ons hoegenaamd niks geweet het van die moontlikhede van Suid-Afrika nie.** Hierdie skitterende land het nie alleen kapitaal nodig nie, hy het ook tegnici en sakemanne nodig met noue kontak met fabrikante-groepe om die huidige wêreldskaarste aan primêre produkte aan te vul. België is daarvoor in 'n goeie posisie, **maar hy moet beter bekend raak met Suid-Afrika".**

## *Stamlande in Duister*

**Die getuienis van vastelandse joernaliste, en dus van daardie volke wat hoofsaaklik die stamlande van die Afrikaner is, is eenparig dat daar „hoegenaamd niks" gedoen word van owerheidsweë om Suid-Afrika daar bekend te stel en sodoende ook immigrante vandaar te lok nie.**

Maar hoor nou die getuienis van die Engelse redakteur:

**„Nou kan ek begryp waarom so baie Skotte in Suid-Afrika kom woon het, en waarom nog duisende besluit het om hul voorbeeld te volg".**

**Inderdaad wag daar, volgens die jongste berigte, 95,000 Britte om na Suid-Afrika te kom. Hulle wag omdat hulle ten volle ingelig is oor die moontlikhede in Suid-Afrika — moontlikhede wat vir hulle selfs groter is as vir gebore Unie-burgers.**

**Dit is hoe die party aan bewind sy mandaat gebruik wat hom, volgens sy eie aanspraak, deur „albei seksies" van die bevolking gegee is.**

# NATURELLE-STEUN

Op ons voorblad publiseer ons vandag 'n opsomming van 'n berig in die kommunistiese blad The Guardian van 'n Naturelle-leier aan die Rand wat hom beslis skaar aan die kant van die Afrikaanse tradisionele standpunt ten opsigte van kleurverhoudings. Domingo is 'n geleerde Naturel wat nie in daardie proses los geraak het van sy stam nie, soos die geval is met so baie ander Naturelle wat aan die vleespotte van die blankes gaan sit en toe in die skoot van die kommuniste beland het nie. Hy het sy volkstrots behou en wil geen blanke wees nie, maar volbloed-Naturel. Daarom sien hy die enigste oplossing vir die rasse-groepe in Suid-Afrika in die beleid van segregasie waar elke ras tot die hoogste ontwikkeling op sy eie gebied, langs die ander, kan kom.

Dit was hoog tyd dat daar leiers onder die Naturelle na vore moes kom om van hul kant die saak van aparte ontwikkeling of segregasie te propageer. **Want laat ons dit duidelik stel: Segregasie kan nooit 'n praktiese beleid word solank die naturel dit nie vrywillig aanvaar nie — of tenminste die grootste deel van die Naturelle.** Niemand minder nie as min. Hofmeyr het onlangs in Losberg erken dat segregasie die enigste ware oplossing van die naturellevraagstuk kan wees — „indien dit maar net uitvoerbaar was".

(Vervolg in volgende kolom)

Vervolg van vorige kolom)

**Indien die Naturelle self dit as oplossing aanvaar, kan geen liberalis dit langer teenstaan met die gesanik dat dit onderdrukking is nie.** Daarom verwelkom ons die standpunt van Domingo van harte. Hy toon die weg aan waarlangs daar in Suid-Afrika 'n toekoms kan wees vir sowel die blanke as die nie-blanke sonder vyandskap teenoor mekaar.

Vir die blankes behoort hierdie houding van Domingo ook tot nadenke te stem. Baie van ons is geneig om in die naturel net 'n gevaar te sien wat op alle moontlike maniere besweer moet word. **Maar die geskiedenis het getoon dat waar daar samewerking was tussen Boer en Naturel op 'n grondslag van apartheid, daar geen vyandskap was nie, maar die sterkste bande van vriendskap. Ons dink maar aan 'n Marok en 'n Panda. Eersgenoemde wat hulp gebring het aan 'n geplunderde Voortrekkerlaer, en laasgenoemde wat hulp aangebied het teen die Engelse.**

Daarom sal dit wys wees as ons in ons stryd om blanke selfbehoud nie blind word vir die vriendskap van die Naturel — en daarmee ook sy hulp teen die kommunistiese gevaar nie.

# DIE VIER GROTES SE KONFERENSIE

**Die na-oorlogse wêreld is reeds so oorweldig deur die epidemie van internasionale konferensies en hul negatiewe resultate — negatief met die oog op die verhewe doelstellings van die oorlogspropaganda van enkele jare gelede — dat die gewone man vandag ontnugter en skepties teenoor alle dergelike byeenkomste staan. Die voortdurende verslegting van die onderlinge verhoudings onder die wapenbroers van gister is reeds so diepgaande dat dit moeilik om die konferensietafel verbeter kan word. Vandaar dat hierdie internasionale konferensies, volgens baie ingeligte waarnemers, reeds opgehou het om werktuie van wêreldvrede en weeropbou te wees, maar ontaard het in byeenkomste waar die een die ander probeer uitoorlê en waar die saad van 'n nuwe wêreldoorlog gesaai word. Sal die konferensie van die vier Grotes wat op die oomblik in Londen gehou word 'n wending aan hierdie troostelose verslegting van internasionale verhoudinge bring of sal die huidige rampspoedige weg ook in die toekoms bewandel word?**

*Buitelandse Oorsig*

*Deur Dr. J. A. Wiid*

### ONGUNSTIGE VOORTEKENS

Dit is bekend dat die huidige Londense konferensie, waar die buitelandse ministers van die Verenigde State van Amerika, die Sowjet-Unie, Brittanje en Frankryk hulle met die vredesverdrae met Duitsland en Oostenryk sal besighou, voorafgegaan is deur 'n konferensie in Moskou waar die plaasvervangers van die vier buitelandse ministers die nodige voorbereidende werk vir die Londense konferensie moes verrig. Dit is ook bekend dat die voorbereidende Moskouse konferensie op 'n hopelose mislukking uitgeloop het en dat hy weens onenigheid nie eers 'n agenda vir die Londense konferensie kon optrek nie. Geen wonder dat die wêreld en ook die onderhandelaars self so weinig van die Londense samesprekinge verwag nie. En tog noem Bevin, die Britse verteenwoordiger, hierdie Londense konferensie die „belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld".

### EN WAT DAN? 'N DERDE WÊRELDOORLOG?

Dit is waagsaam om gebeurtenisse vooruit te loop maar dit sal alleen 'n dwaas wees wat nie ook rekening sal hou met die moontlike mislukking van hierdie konferensie met die ongunstige voortekens, die konferensie wat in die teken van 'n kroniese Amerikaans-Russiese spanning staan. Die groot vraag wat baie mense dan ook vandag stel, is: wat dan? Vir diegene wat in 'n noodsaaklike trilogie van wêreldgebeure glo, staan die Derde Wêreldoorlog redes voor die deur. Vir hierdie mense wat veral in die V.S.A. aangetref word, is 'n preventatiewe oorlog teen die Kommunistiese Rusland die enigste oplossing. Amerika moet slaan terwyl hy met sy atoombom ens. nog die tegniese voorsprong geniet. Waarom die kwaaie dag uitstel as dit tog nie vermy kan word nie? Moes Amerika en die wêreld dan nie duur betaal omdat die V.S.A. in 1917 en 1941 te lank versuim het om oorlogvoerend te word nie.

### 'N BESTENDIGING VAN DIE YSTERGORDYN?

Vir diegene wat in 'n derde wêreldoorlog — en 'n preventatiewe oorlog kan moeilik iets anders as 'n wêreldoorlog wees — 'n oplossing van internasionale frustrasies en dooie punte soek, sal die taak nie so maklik wees nie. Die menslike geslag wat so ewe 'n wêreldoorlog met al sy verskrikkinge deurgemaak het, gaan hom nie so maklik weer laat bloedlaat nie. Dit sal die taak van nuwe geslagte moet wees wat nie aan eie lyf die oorlogsellende gevoel en die lesse van die geskiedenis geleer het nie. Buitendien het elke land en volk vandag met soveel ernstige eie huishoudelike vraagstukke te kampe, dat daar vir hulle geen tyd en lus oorbly om nasionale opofferinge terwille van internasionale vrede en welvaart te doen nie. Aan die ander kant kan dit ook soos in die verlede gebeur dat regeringsleiers hulle aan buitelandse avonture waag juis om die aandag van die eie volk van binnelandse huishoudelike sorge af te trek.

Op die oomblik lyk dit of die sukkelgang wat reeds kenmerkend van die na-oorlogse internasionale politiek geword het, ook op die Londense konferensie verder voortgesit sal word. Dit skyn immers onwaarskynlik dat die diepgaande verskille tussen die Ooste en die Weste wat selfs in minder belangrike aangeleenthede sedert die oorlog so sterk op die voorgrond getree het, nou skielik sal verdwyn wanneer die allerbelangrikste vredesverdrae met Duitsland en Oostenryk gesluit word. Dit lyk dus waarskynlik dat die V.S.A. saam met Britanje en Frankryk 'n afsonderlike vredesverdrag met Wes-Duitsland sal sluit, terwyl Rusland in die Russies-besette deel van Duitsland sal huishou soos hy in die verlede gedoen het. Dit staan ook vas dat die besettingsmagte van die Westerse moondhede in Wes-Duitsland sal vertoef so lank as die Russe in Oos-Duitsland bly. Duitsland sal dus die slagoffer van verdeeldheid onder sy oorwinnaars bly. Die onsekerheid wat daar vir die Duitsers uit hierdie verdeeldheid onder hul oorwinnaars voortspruit, sowel as die demoralisasie wat met die besetting deur vreemde strydmagte gepaard gaan, kan vir Duitsland en ook vir Europa alleen die noodlottigste gevolge hê. Dit sal aan die regbank van die geskiedenis gelaat moet word om af te reken met die verantwoordelike gesagvoerders van vandag sowel as met diegene wat die Russe in Berlyn en Weenen gehelp vestig het.

### OOK NOG ANDER SORGE

Intussen word die stryd tussen die kapitalistiese Amerika en die kommunistiese Rusland nie alleen in Duitsland en Oostenryk nie, maar ook op ander terreine en selfs in ander wêrelddele verder gevoer. Die grootskaalse nywerheidsontwrigtinge in Frankryk en Italië sal die V.S.A. laat aarsel om met die Marshall-plan van hulpverlening aan hierdie twee lande voort te gaan. Dit is tog ondenkbaar dat Amerika sy dollarhulp sal verleen aan lande wat aan die kommunistiese gevaar van chaos uitgelewer is. In Moskou sal hierdie nywerheidsontwrigting in die twee vernaamste Wes-Europese lande aangenamer reaksies wek as in Washington. Selfs die ernstige gevaar van inflasie in die V.S.A. kan vir die Sowjet-Unie nie anders as 'n verblydende voorteken van komende gebeurtenisse wees nie. Die inflasie van die Amerikaanse geldwese immers kan nie anders as 'n uiters nadelige uitwerking op Washington se hulpverlening aan die beproefde Europa hê nie. Ook sal 'n dollar-inflasie sy nadelige repercussies op inwendige Amerikaanse verhoudinge hê. Dit alles sal goeie nuus vir die manne van die Kremlin wees. Ook gebeurtenisse in Asië — Palestina, Indië en China — is vir Moskou minder onaangenaam as vir Washington en Londen.

Die konferensie van Londen vind voorwaar onder 'n ongunstige wêreld-konstellasie plaas.

## Regering Verloor Deportasie-Stryd

Die Smuts-regering het die eerste ronde in die deportasiestryd verloor. In Pretoria het die Hooggeregshof verlede Donderdag 'n hofbevel teen die deportasie van ses Duitsers, wie se gevalle as toetssaak moes dien, toegestaan. Die staat moet die koste dra.

In sy uitspraak het regter-president G. Maritz verklaar dat die Deportasiekommissie sy pligte versuim het deur die persone wat vir deportasie aanbeveel is, nie die geleentheid te gee om hul saak te stel nie.

Die staat het hierop kennis gegee dat hy gaan appelleer. Verlof is toegestaan.

Hierdie uitspraak behoort vir die regering 'n vingerwysing te wees om nie verder voort te gaan met die deportasie van die Duitsers nie. Deportasie uit Suid-Afrika na Duitsland waar daar geen heenkome of kos is, nie, staan gelyk aan moord.

# „SAL NIE STEM"

Mnr. Barry Grobbelaar, P.K. Vryburg, skryf:—

Adv. Swart het op sy kongres op Bloemfontein nie geskroom om openlik te sê dat hy nie gaan stem vir die Republiek van president Kruger en president Steyn nie. Wel, dit het ons lankal geweet, reeds dié tyd toe hy hom besig gehou het met vrymesselaarsbriewe.

Van dr. Malan se toespraak op Calvinia neem ons nie die minste notisie nie, want hy is geen leier nie. Hy het nege jaar lank die kans gehad toe hy minister was. Wat het hy gedoen? Wat omtrent die gewetensbepaling en die vlagwet? Wat omtrent die Indiërvrou en die geskenk wat hy haar gegee het? Ons moet ophou om dr. Malan te nader vir samewerking.

Veldm. Smuts betaal hom £1,000 per jaar om teen hom te werk as leier van die opposisie. Hy beveg nie die V.P. nie, maar die O.B.

Aangesien dr. Malan en adv. Swart openlik verklaar het vir wie hulle nie sal stem nie, wil ek as O.B. ook openlik verklaar vir wie ek nie gaan stem nie. Ek praat namens myself en nie namens die O.B. nie.

Ek gaan nie stem vir die man wat genl. Smuts in die parlement gevra het of hy bewus is van die uitsaaistasie, en indien ja, waarom vang hy hulle nie. Ek gaan nie stem vir die man wat deur mnr. Lawrence in die Volksraad bedank is vir die waardevolle dienste wat hy (dr. Malan) aan die regering bewys het deur die O.B. in toom te hou nie.

Ek gaan nie stem vir die man wat ons op die Paarl uitgeskel het as rampokkers nie. Ek gaan nie stem vir die man wat as die koning in Engeland is, praat van 'n republiek, en as hy hier is, saam met hom aan dieselfde tafel sit nie. Ek gaan nie stem vir die man wat gesê het Engeland is die moeder van ons vryheid nie. Ek gaan nie stem vir die man wat net een eed gehou het nie, nl. die eed wat hy in die Parlement afgelê het om getrou te wees aan die Britse koning.

Ek gaan nie stem vir die man wat aan Smuts getelegrafeer het om genade vir Visser en Van Blerk, „al is hulle nie een van sy mense nie".

Ek hoop dr. Malan en mnr. Swart sal hiermee net so tevrede wees as wat ons moet tevrede wees met wat hulle gesê het.

# Rhodesië Skop Afrikaner Uit

„Ou Voorlaaier," Limburg, skryf:

Terwyl in ons land hemel en aarde beweeg word om ook 'n helpende hand te reik aan 'n sinkende Engeland, word haat en verbittering teenoor die Afrikaners daagliks meer en meer van hulle kant geopenbaar.

Met 'n Afrikaner wat onder die Britse arms in Noord-Rhodesië 'n tuiste gaan soek het, het die volgende gebeur, en ek gee dit vir elkeen om te oordeel wat bedoel word met „British fairplay."

Hy het behoorlik aansoek gedoen om in daardie land 'n permanente tuiste te kry. Dis hom toegestaan. Sak en pak het hy daarheen verhuis. Al sy gereedskap, trekker, ens., is per vragmotors oorgeneem. Dit kan goed begryp word watter koste dit meegebring het.

Na hy 'n paar weke daar was, is hy ontbied na hulle kantore. Daar is hom gevra of hy geïnterneer was. Hy het bevestigend geantwoord en verduidelik dat daar nooit 'n aanklag teen hom ingebring was nie. Dat hy voor geen hof gedaag was vir verduideliking nie, en dat hy na agt maande onvoorwaardelik vrygelaat was. Hulle sou die saak weer met Pretoria opgeneem het, maar kort daarna is hy in kennis gestel om onmiddellik die land te verlaat.

Hy staan by die algemene publiek baie hoog aangeskrewe en is 'n 100% Afrikaner. Hy is dus uit die land van die Engelse geskop omdat hy 'n 100% Afrikaner in sy vaderland is.

Die Edwood-saak is by die land baie goed bekend. 'n Engelse soldaat kan toegelaat word om die land te kom bewoon. Hy doen aansoek om 'n geweer, die plaaslike polisie weier die aansoek. Hy tree in verbinding met die minister, die staan dit vir hom toe, waarmee hy 'n paar maande later, 'n broer van bogenoemde banneling en 'n Duitser koelbloedig vermoor. Hy word sonder aanbeveling vir genade tot die dood veroordeel. Hy appelleer en word weer tot die dood veroordeel, en dit word deur die Goewerneur-Generaal en Rade bekragtig. 'n Paar dae voor die voltrekking van die vonnis word sy vonnis deur ons groothartige regering na lewenslang verander. Dieselfde het ook gebeur met 'n ander Britse soldaat, Smith, wat een van die gruwelikste moorde in die land gepleeg het.

Moet ons Afrikaners nou maar tevrede wees om die voetvelle van die Engelse te wees? Dink hulle om op die manier toenadering te kry?

Trou op die spoor van die Engelse is ons regering ook besig om Duitse burgers van die land uit die land te skop. Moet ons nou maar stil sit?

Nee, dis tyd dat ons ontwaak, en ons alle onderlinge geskille vergeet, bymekaar staan en die teuels in hande kry. — (Verkort. Red.)

# Die Drankgevaar

Mnr. H. R. Cocking, Sekretaris, S.A. Matigheidsbond, skryf:—

Die openbare mening in Suid-Afrika toon 'n duidelike besef dat die drankvraagstuk 'n bedreiging vir die volk geword het.

In Julie 1947 is die volgende besluit eenparig aangeneem deur 'n Volkskongres saamgeroep deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk:

„Die Kongres voel diep verontrus oor die groot toename van drankmisbruik, wat as verreweg die grootste bedreiging van die sedelike en materiële welsyn van die samelewing beskou moet word."

'n Paar weke daarna het die Federale Raad van die Mediese Kongres van Suid-Afrika die volgende besluit van die Openbare Gesondheidsafdeling aanvaar:

(Vervolg in volgende kolom)

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Waardering Vir Ons Blad

**Mnr. B. G. Lötter, Pearston, skryf:** „Die koerantjie doen nog steeds sy plig en dit is onmoontlik om daarsonder klaar te kom. Hy is 'n egte padwyser. Mag u groot en edel werk geseën word".

. . . . . .

**Mnr. D. J. Norgarb, Greylingstad, Tvl.:** „Sonder die blad sal ek verlore wees".

. . . . . .

**Mnr. J. S. Burger, Kanoneiland:** „Ek kan u verseker dat ek nie meer sonder „Die O.B." kan klaarkom nie".

. . . . . .

**Mnr. D. H. Stricher, P.K. Van Rhyn:** „Die O.B.-koerant is altyd 'n besieling".

## Eie Woord

„Logies," Kaapstad, skryf:

Vergun my ook 'n paar woorde oor die term „gesagstaat."

Vyande van die Ossewabrandwag was handig en gou by om hul eie betekenis aan die woord „gesagstaat" te gee. Dit sou dan geriefshalwe vir hul eie doeleindes 'n „diktatuur" of indien hul dit so kan stel sonder om te belaglik te wees, 'n „tirannie" beteken.

Maar het die Ossewabrandwag dan nie hierdie woord geskep en dit eerste in gebruik gestel nie? So ja dan het hy mos kopiereg op de woord en seer sekerlik ook op die idee daaraan verbonde. Die betekenis van die woord is dus dié wat die Ossewabrandwag daaraan gee en daar is geen ander plaasvervangers soos diktatuur of tirannie nie. Kan ons dit nie meer pertinent onder die dwarstrekkers se aandag bring nie?

(Vervolg van vorige kolom)

„Dat die Federale Raad versoek word om onmiddellike vertoë tot die Regering te rig met die oog daarop dat stappe gedoen word om die verwoesting wat drankmisbruik in Suid-Afrika veroorsaak, te stuit. Verder, dat die Regering versoek word om die Meaker-verslag toe te pas."

(Die pasgevormde Mediese Vereniging vir Bestryding van Alkoholisme tel nou 150 lede.)

Leiers van die kerke dwarsdeur die Unie met 'n amptelike ledetal van 6,000,000 het verlede jaar verklarings uitgereik wat eenparige besef van die gevare van drankmisbruik weerspieël.

Verlede maand het 'n invloedryke afvaardiging, gereël deur die Suid-Afrikaanse Matigheidsbond maar verteenwoordigend van omvattende belange, 'n onderhoud met die Eerste Minister gehad waarin hulle hom versoek het vir die instelling van tussentydse wetgewing, en by geleentheid waarvan hulle definitiewe voorstelle aan die hand gedoen het vir drastiese optrede ten opsigte van 'n toestand wat deur die sprekende 90,000 veroordelings weens dronkenskap, 12,000 waarvan blankes, aangedui word.

Ons is in besit van massas van getuienis wat die noue verband aandui waarin drank staan met misdaad (75 persent van die Unie se totaal), padongelukke, geslagsiektes, tering, sosiale krankhede, ongesondheid, onbekwaamheid, volksekonomie en verbrokkeling van die gesinslewe.

(Vervolg in volgende kolom)

# Staking Van „Die O. B."

**Vanaf 3 Desember word versending van Die O.B. gestaak aan alle lesers wat nog nie regstreeks ingeteken het nie. Lesers wat hierdeur geraak word en nog graag verder op hoogte gehou wil word van die politieke nuus in die land — nuus wat in weinig ander blaaie opgeneem word en dikwels alleen in Die O.B. volledig verskyn, word dus versoek om sonder versuim hul intekengeld te stuur aan VOORSLAG (EIENS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

(Vervolg van vorige kolom)

By geleentheid van die onderhoud soos voornoemd het Veldmaarskalk Smuts uitdruklik verklaar dat iets omtrent die saak gedoen moet word; maar dit is klaarblyklik, soos die Minister van Justisie voorheen Suid-Afrikaners daaraan herinner het, dat regerings die ondersteuning van die publiek nodig het alvorens sosiale wetgewing ingestel word. Daar is 'n oorvloed van goedingeligte opinie in hierdie land wat die bestryding van drankmisbruik kan beveg of altans dit behoort te doen, en ons wil 'n dringende beroep doen op alle organisasies, openbare liggame, en indiwidue om deur gepaste kanale vertoë te rig wat wetgewende aksie versoek en ondersteun.

Intussen, en inderdaad altyd, kan welwillende mans en vroue—predikante, wetgewers, dokters, opvoedkundiges, sosiale leiers—op velerlei maniere die Saak van Nasionale Soberheid aanhelp.

Vir diegene wat begerig is om meer omtrent die vraagstuk te weet, wil ons aanbeveel om die boekies „Feite oor Alkoholisme" deur dr. Louis P. Bosman en „Alkohol—Wat Dit Is en Wat Dit Doen" deur Ruby Adendorff aan te skaf, posvry 1s. 6d. en 2s. 8d. respektiewelik.

## FUNKSIES

Die Vrouekommando van Groote Schuur onder komdte M. C. Pienaar bedien hul maandelikse ete in die O.B.-vriendskapsentrum op Vrydag, 3 Desember. Alle Brandwagte en vriende word uitgenooi om die smaaklike middagete te kom nuttig. Dit is die laaste ete wat die kommando hierdie jaar bedien.

## „Die O.B." Tydens Vakansiedae

**Die O.B. sal nie op 24 en 31 Desember verskyn nie. Ons laaste uitgawe van die jaar is dus op 17 Desember, en daarna verskyn die blad weer op 7 Januarie.**

**G. A. FICHARDT, Bpk.**
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
**MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS**
Foon 700 Opgerig 1848
**BLOEMFONTEIN**

*Is Medisyne Noodsaaklik?*
*Die Natuurwetenskap sê nee!*
BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!
Die Hardnekkigste Kwale swig
Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.
Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.
THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

*Verseker u Toekoms*
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
Posbus 78 Foon 0028
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG, STRAND

VIR PERSOONLIKE FRISHEID

KWV-
EAU de COLOGNE
Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.
4-47
DIT IS 'N SUID-AFRIKAANSE PRODUK

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 3 DESEMBER 1947.

# BLOEDRIVIER
## 16 DES. 1838

*„Dis moed, wat volhou na begin,*
*Vertroue is dit, wat oorwin.*
*Sou vier maal honderd Trekkers dan*
*Vir twaalf maal duisend Kaffers kan*
*Verslaan? . . . . . . . ”*

*THEO WASSENAAR.*

**En tóg het dit gebeur. Soos alle ander gebeurtenisse, is ook hierdie seëviering van die blanke beskawing van ewigheid af opgeneem in God se Raadsplan, en moes die aanstormende hordes telkens stuit en terugval.**

Só het Hy dit beskik dat die mees strategiese plek in Natal as slagveld gekies is (met die vol rivier aan die een kant en die braksloot aan die ander) en dat Hans de Lange (Hans Dons) die nag van 15 Desember bliklanterns aan lang sweepstokke bo die laer laat uithang het.

Vandag word nog onder die Zoeloes vertel dat dit nie net die Boere was wat op hulle geskiet het nie. Hulle sê daar was ook 'n wit laer bo-oor die Boerelaer, teen wie se vuur hulle nie bestand was nie. Miskien was die swewende lanterns wat in die mistigheid 'n bo-aardse atmosfeer aan die laer verleen het, verantwoordelik vir hierdie geloof. Tog blyk hieruit dat ook die barbaar besef dat die witman nie in eie krag hierdie stryd aangeknoop het nie.

Omstandighede wat hierdie slag voorafgegaan het, was kritiek, en niks minder as 'n wonderwerk moes plaasvind as die Boerevolk homself wou handhaaf nie. Maar is toestande nie vandag soortgelyk nie? Weer word ons volksbestaan bedreig deur vreemde elemente. Gaan ons weer as oorwinnaars uit die stryd tree? Het ons reg om dit te verwag? Slegs dán wanneer ons, soos by Danskraal, die toekoms in God se hand gee, en dan in Sy krag die stryd aanknoop, met die wete dat wat ook al gebeur, dit nie buite Sy Wil om kan geskied nie.

Kom, Boerejeug, laat 16 Desember vir ons vanjaar meer as slegs 'n verbygaande feestelikheid wees. Wanneer 'n volk moeilike tye beleef, word die taak wat aan die jeug van daardie volk opgedra word, des te meer gewigtig en betekenisvol. **Aan ons, die jeug van die Boerevolk, sal daar dus in die jare wat kom steeds groter eise gestel word. Laat ons daarom van elke geleentheid gebruik maak om ons in elke opsig voor te berei en te staal vir hierdie groot taak.**

## Jeughoofkommandante Beraadslag

**Op die vooraand van die onlangse belangrike sitting van die Grootraad is daar in Johannesburg ook 'n baie suksesvolle byeenkoms van die Jeughoofkommandante van die Boerejeug gehou. Die sametrekking wat onder voorsitterskap van die Jeug-leier, genl. D. J. van Rooy gestaan het, het o.a. die verslae van die ses Jeughoofkommandante oor die werksaamhede in hulle Gebiede vir die afgelope jaar verneem en die aksie-program vir 1948 deeglik bespreek en vasgestel. Belangrike aanbevelings i.v.m. die organisasie en administrasie van die Boerejeug is ook deur die Raad opgestel en deur middel van die Jeugleier vir goedkeuring aan die Grootraad voorgelê.**

Die Jeugleier het met waardering melding gemaak van die groter mate van belangstelling wat daar in die afgelope jaar by die O.B.-lede en -offisiere in die Boerejeug te bespeur is. In sy welkomswoord aan die K.G., wat hierdie Raad 'n besoek gebring het, is die hartlike waardering aan ons Leier oorgedra vir ook sy belangstelling en aktiewe steun wat hy in die verlede aan die Boerejeug verleen het.

In 'n kort woordjie aan die Raad van senior offisiere het die K.G. weereens die absolute belangrikheid van die voortbestaan en uitbouing van die Boerejeug beklemtoon en daarop gewys dat die bande tussen die jeugbeweging en die Kommandowag in die volgende jaar verstewig moet word. Dit is aan die offisiere opgedra om toe te sien dat die kontinuïteit tussen die verskeie onder-afdelings van die Ossewabrandwag bewaar moes word — die Boerejeug moet die Kommandowag aanvul en op sy beurt moet die Wag die O.B. versterk. Die Boerejeug moet die deur tot ons Volksbeweging word.

Uit die besprekings wat hierop gevolg het, is belangrike besluite in verband met o.a. die metode van organisasie van die Boerejeug, die verhoging en vasstelling van die ouderdomsgrens van die dogters- en seunsafdelings, laertrekke, finansies, uniforms, die opleiding van en skakeling tussen die Boerejeug en Kommandowag-afdelings asook die werksaamhede en opleiding van die Boerejeug, geneem. Die uitvoering van hierdie besluit sal vanaf volgende jaar in werking gestel en deur middel van bevele en ons publikasies bekendgemaak word.

Aan die einde van die vergadering is daar namens die Raad van Koofkommandante aan ons Jeugleier die waardering van die Boerejeug vir sy leiding en offervaardigheid gedurende die afgelope jare oorgedra en aan hom die versekering gegee dat die hele Boerejeug hom in die toekoms ook in alles sal bystaan.

## O.B. KERSFEES-KAARTJIES

Lesers wat nog nie hulle O.B.-kersfeeskaartjies bestel het nie, word aangeraai om dit dadelik te doen. Boerejeughoofkwartier sal gedurende volgende week, met die oog op die laer op Franschhoek, sluit, met die moontlikheid dat bestellings wat te laat ontvang word, nie uitgevoer sal kan word nie.

**Bestel dus dadelik om teleurstelling te voorkom.**

## BOEREJEUGLAERTREK, GEBIED A. FRANSCHHOEK, DESEMBER 1947.

1. 'n Laertrek vir alle lede van die seuns- en dogtersafdelings van die Boerejeug van Gebied A sal **vanaf 13 tot 20 Desember 1947 op die plaas van Hoofgeneraal Max Smuts, Middagkrans, Franschhoek,** gehou word.

Alle laergangers moet sorg dat hulle op 13 Desember in die laer is. **Al** die treine sal vanaf Vrydag-middag, 12 Desember op Franschhoek-stasie ontmoet word. Reëlings sal getref word vir die vervoer van die laergangers, tente, ens. na die laerterrein.

2. Boerejeug-offisiere word dringend versoek om die laertrek by te **woon** en om te organiseer dat soveel van hul onder-offisiere en manskappe ook teenwoordig is. Geen laerganger onder twaalf (12) jaar sal op die laertrek toegelaat word, tensy spesiale verlof vooraf daartoe van die Jeughoofkommandant verkry is nie.

3. Laergangers moet sorg dat hulle name, adresse, ouderdomme **DADELIK** aan **die Jeughoofkommandant, Boerejeug Gebied A, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad,** gestuur word. Daar moet ook duidelik gemeld word hoe laat en op watter datum die persoon op Franschhoek sal aankom.

4. Elke laerganger moet 15/- by die laer inbetaal vir sy/haar verblyf- en losieskoste vir die 8 dae. Persone wat die laer vir minder as 8 dae bywoon, sal 2/- per dag betaal.

5. Hier volg 'n lys van benodigdhede wat elke dogter moet saambring:

| | |
|---|---|
| Wasbare klerasie (verkieslik kakie) | O.B.- en F.A.K.-sangbundels. |
| plathakskoene en sokkies | komberse en kussing |
| reënjas | laken en sloop |
| baaikostuum | handdoeke |
| seep, tandeborsel, spieël, ens. | kampbed (opsioneel) |
| skoenwaks en borsel | eetgereedskap en bordedoek |
| sonhoed of kappie | notaboek en potlood. |
| Bybel en Psalm/Gesangboek | |


Hier volg 'n lys van benodigdhede wat elke seun moet saambring:

| | |
|---|---|
| Komberse | baaikostuum |
| kortbroeke, hemde en das | skeerbenodigdhede |
| kouse | eetgereedskap en bordedoek |
| 2 paar skoene (1 ou paar) | skoenwaks en borsel |
| tandeborsel, pasta, seep | hoed of helmet |
| reënjas | flitslig |
| notaboek en potlood | tou of lyn |
| Bybel en Psalm/Gesangboek | Sangbundels. |

6. Elke Veldkornetskap van beide die seuns- en dogters-afdelings moet sorg dat hulle vir elke 6 laergangers uit hulle afdeling, of gedeelte van daardie getal, **'n tent en lantern** saambring. Veldkornette(s) en senior offisiere moet dadelik die Jeughoofkommandant in kennis stel van hoeveel tente en lanterns hulle kan meebring.

7. Laergangers wat musiek-instrumente besit, moet dit verseker saambring.

8. **'n Spesiale uitnodiging word aan lede van die Wag- en Studente-afdelings, asook aan lede van die Voortrekker- en ander jeugbewegings gerig om hierdie laer met ons te kom meemaak.**



**Die Kommandant-generaal stap deur 'n erewag van Boereseuns en -dogters tydens die Elandskraal-laertrek.**

## GELUK AAN ONS JEUGLEIER

Graag wil ons, die Boerejeug, ons hartlike gelukwense aan Generaal van Rooy oordra met sy aanstelling as Voorsitter van die Grootraad van die Ossewabrandwag.

Ons vertrou dat u leiding daar in die breëre kring van ons Volksbeweging net sulke goeie vrug sal afwerp as wat dit sover in die Boerejeug gedoen het.

## 'n Wenk Aan Veldkornettes:

Boerejeugkommandante G. W. Muller van Harrismith skryf: „Ek dink dat as Boerejeugveldkornettes nou wol koop (terwyl dit nog goedkoop is) hulle aanstaande jaar baie goed sal doen met hul breiwerk". Kom ons sorg dat elke dogter vroegtydig 'n ons of twee kry om in die lang skoolvakansie te verwerk!

## Wat hy van „VUURSLAG" dink

Nico Strydom is 'n wakker Boerknapie en 'n ywerige leser van VUURSLAG, al is hy nog maar nege jaar oud. Hy skryf as volg:

„Almal sien seker uit dat VUURSLAG moet kom, en almal weet dat dit ons eie blad is. VUURSLAG doen 'n groot werk. Sy doel is om ons tot 'n groot Boerevolk te verenig".

Het jy ook al kennis gemaak met VUURSLAG, die maandblad van die Boerejeug?

## Damesoffisiere Aandag!

Soek u tevergeefs na donkerblou serje vir u uniform? Bestel dan by **mnr. W. van der Nest, Elmweg 22, Primrose, Germiston,** teen £1-5-0 per jaart (54dm. breed) plus posgeld. Hierdie serje is van 'n baie goeie gehalte. Vir besonderhede i.v.m. die maak van die uniform verwys ons u na „Die Boerejeug" van 12 Maart en 9 April 1947. Kommandantes, onthou dat indien die volle baadjiepak vir u baie duur uitkom, u voorlopig slegs die romp met toebehore mag aanskaf.

**Kontant moet alle bestellings vergesel.**

**VUURSLAG IS 'N IDEALE KERSGESKENK!**

**VUURSLAG,**
**Meyergebou 9,**
**POTCHEFSTROOM.**

*Waarde Heer,*

*Stuur asb. VUURSLAG vanaf Desember vir 'n jaar*

*as Kersgeskenk aan:* ..........................................

..........................................

..........................................

*waarvoor ek die bedrag van 2/6 insluit.*

*Naam:* ........................ *Adres.* ........................

..........................

..........................

# Immigrante Glip Oor Koppe van Suid-Afrikaners

**Die masjinerie wat vandag in werking gestel word om immigrante in werkkringe te plaas, maak dit vir hulle baie makliker om werk en goed besoldigde betrekkings in die hande te kry as wat dit in die geval van Unie-burgers is. Nie alleen word daar spesiale aandag en voorkeur aan hulle deur werkgewers gegee nie, maar omdat daar soveel lojale hande is wat die „manne van Brittanje" help, slaag diegene wat nie tevrede is met laag besoldigde betrekkings nie baie gou daarin om betrekkings met groter salarisse te kry—betrekkings waarna Unie-burgers tevergeefs soek.**

Dit is die gevolgtrekking waartoe Die O.B. kom nadat ondersoek in Kaapstad ingestel is. Sekere firmas stel immigrante aan bo die koppe van beproefde werknemers wat jarelank by hulle werk en op promosie geregtig is — ook Engelssprekendes.

◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆

### *WERKLOOSHEID NEEM TOE*

**Die werkloosheid in die vernaamste nywerheidsgebiede van die Unie is besig om vinnig toe te neem. Uit die gegewens van die Departement van Arbeid, was daar tydens Mei 14,567 mense werkloos. In Oktober was daar nie minder as 20,913 werkloses in die Unie nie. Aan die einde van Oktober het meer as 13,000 van hulle nog nie werk gehad nie.**

◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆◆

**In die Kantoor van die Departement van Arbeid sit daar 'n spesiale amptenaar wat net moet sorg dat die immigrante werk kry. Hy word bygestaan deur vrywillige komitees na wie werkgewers wat vankante betrekkings het, hul begeef as hulle mense nodig het. Werkgewers maak dus nie meer van die gewone amptelike kanale gebruik as hulle openings het nie, maar wend hulle na die spesiale komitees, o.a. die 1820 Settlers Association, die Jingoklub van immigrante, ens. om immigrante vir hulle te vind.**

**Werk wat dus voorheen aan Unie-burgers moes toekom, word nou toegeken aan immigrante.**

#### 4,000 WERKLOOS

Betrekkings word nou selfs in Brittanje en glad nie meer in Suid-Afrika geadverteer nie. Nieteenstaande daar in Kaapstad byna 4,000 blanke werkloses is, vind die stuk of vyftig werklose immigrante wat 'n paar weke gelede met die jongste besending hier aangeland het, geen moeilikheid om werk te kry nie, volgens 'n amptelike verklaring.

Talle immigrante wat sonder werk hier aanland en wat uit hulle werk raak, doen aansoek om as kondukteurs en busbestuurders in die stad se verkeersdiens in diens geneem te word. **Hoewel „mens dit nie eintlik mag sê nie", aldus vakbondkringe, word hulle nieteenstaande hul eentaligheid in diens geneem.**

#### BETER WERK

**Daar is egter baie min wat lank in hierdie swak besoldigde betrekkings bly omdat hulle met die hulp van spesiale komitees daarin slaag om beter besoldigde en geriefliker betrekkings in die hande te kry.** Vakbondkringe was in staat om die name van verskeie immigrante te noem wat die vervoersdienste van die stad net as 'n afspringplek gebruik. Baie het reeds die werk verlaat en sommige is net op tydelike basis aangestel totdat hulle iets beters kan vind.

# Geallieerdes se Dom Spel met Kommunisme

**Die Westerse demokrasieë is nog steeds besig om 'n opposisie vir genl. Franco in en buite Spanje saam te smee, maar tot sover nog sonder welslae. Die jongste poging was om die koningsgesindes te probeer verenig met die kommunistiese groepe wie se leiers uit Spanje verban is.**

Die taak het op die Britse minister van buitelandse sake, Ernest Bevin, geval om die leier van die koningsgesindes, Gil Robles, te versoen met die linksgesinde banneling-leier Prieto. **Na Sapa-Reuter uit Madrid berig, was Bevin verras om te verneem dat Robles nie bereid is om met die linksgesindes saam te werk vir 'n volkstemming oor die herstel van die koningskap nie.**

**Daar word nou oorweeg om nog 'n poging aan te wend deur die vervanging van Robles deur iemand anders as leier van die koningsgesindes wat dan deur die Amerikaanse minister van buitelandse sake, George Marshall, onder hande geneem sal word.**

**Die belaglikheid van die hele besigheid is dat onderwyl Amerika met die een hand biljoene dollars in Europa inwerp teen die kommunisme, hy met die ander hand besig is om die kommunisme in Spanje—een van die weinige lande wat uit kommunistiese kloue gered is—te herstel.**

#### VIER GROTES RIG NIKS UIT

Die ministers van buitelandse sake van die „Vier Grotes" het die afgelope week in Londen vergader om 'n vredesverdrag met Duitsland en Oostenryk uit te werk. Dit het weens Russiese remmery nog nie verder gevorder as die indeling van die agenda nie.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Reaksie op K.G. se Toespraak

**Die K.G.-toespraak op die Paarl het die tonge van politieke kommentators die afgelope week aan die gang gesit, nie net in die Engelse pers nie maar ook in die H.N.P.-pers.**

Die Cape Argus wat probeer om die O.B. en die H.N.P. teen mekaar af te speel, skryf dat dr. Malan uitoorlê is deur die krygstaktiek van dr. Van Rensburg wat verklaar het dat die O.B. die lang gesoekte politieke tuiste in die Afrikanerparty gevind het. Hy versterk dié party se geledere nou met sy eie ondersteuners. „In plaas van om van die O.B. ontslae te raak, vind dr. Malan dat die O.B. hom stewig omarm het. Hy is self hieroor te blameer". Die blad verwys voorts na die stryd wat dr. Malan teen die O.B. aangebind het en verklaar dat O.B.-lede nou deur middel van die A.P. in dr. Malan se anti-Smuts front indring. Hoe dr. Malan ook al die teenwoordigheid van die O.B. nie daar verlang nie, weet hy nie hoe om van die O.B. ontslae te raak nie, sê die blad.

#### VERSTAAN NIE

Die Cape Times trek die verklaring van dr. Van Rensburg oor die diktatuur waarmee die O.B. se vyande die O.B.-beleid aangedik het, heeltemal in twyfel. Volgens die blad beteken 'n partylose staat die in die ban doen van alle partye en dat die O.B. sal wil dikteer.

Uitgesonderd Die Volksblad, het die H.N.P.-pers die swye bewaar. Die blad verklaar dat hy nie 'n twis-geskryf wil laat losbreek nie, maar vind dit nodig om die O.B. daarop te wys dat hy nie prakties is nie.

#### GEVOLGE VAN BUITE

'n Partylose staat, skryf die blad, is seer seker 'n ideale toestand, maar dit is nie realisties nie.


„Dit was moontlik om in die beginjare van die republieke se bestaan sonder georganiseerde partye klaar te kom. Almal was republikeine en almal het net een vaderland geken. Met verloop van jare het die partygees egter sy kop in albei republieke begin optel. **Dit was die direkte gevolg van invloede van buite wat begin werk het in die gang van die sake in Transvaal en die Vrystaat".**

Vandag het sake al baie verder ontwikkel.

Die blad meen dat dit nie prakties is om partye af te skaf nie omdat daar te veel ideologieë is en mens partye met partye moet beveg. „Die stigting van partye is dus sekundêr, gaan die blad voort. Partye het regstreeks gevolg op die ontwikkeling van teenstrydige ideologieë en daardie stryd sal daar wees so lank as ons volk saamgestel is soos dit nou die geval is.

In sy berig van die toespraak het die blad die woorde „partylose staat" vervang met „niepolitieke staat", wat ongelukkig 'n verkeerde indruk skep van die K.G. se bedoeling.

## *Om Hulde Te Bring*



**Sierlikheid en netheid kenmerk die optogte van die Ossewabrandwag. Regs is die speerpunt van O.B.-wagte wat die Jeug-optog tydens die viering van die verjaardae van die K.G. en Adjunk-K.G. op die Paarl gelei het. Onder: Gedeelte van die Boeredogters en Vroue-wag wat aan die optog deelgeneem het.**



# JOODSE ANTWOORD AAN H.N.P.

**Die eerste amptelike reaksie van die kant van die Jode oor die H.N.P. se nuwe Jode-beleid soos aangekondig deur dr. Malan kom van die South African Jewish Times wat die standpunt van die H.N.P. ontleed.**

**Die blad gee die oorwegende feite vir die Jodedom as volg weer:**

**In Transvaal weier die H.N.P. die Jode as lede van die party en dit is 'n klap in die gesig vir die Jode. Hierop vra die blad: „Indien die H.N.P.-leiding in Transvaal beheer kry oor die party, sal die Jood dan ook nog as minderwaardig beskou word?" Voorts skryf die blad dat die Jode nog in die H.N.P.-pers soek na die pro-Joodse sentiment wat so dikwels in die V.P.-pers voorkom en kom tot die slotsom: „Laat ons openhartig wees.**

# Suid-Afrika Voer Hout Uit

Suid-Afrika het die afgelope maand 'n nuwe uitvoernywerheid aangepak deur te begin met die uitvoer van hout na Brittanje. Die kontroleur van boustowwe het verlof gegee dat daar maandeliks 2,000,000 ton hout na Brittanje uitgevoer word. Dit sal hoofsaaklik wattel en bloekomhout wees wat gebruik sal word as stutte in die Walliese steenkoolmyne. Dit is die eerste keer dat soveel hout uit Suid-Afrika uitgevoer word.

## *Soutpansbergse Eeufees*

Op 6, 7 en 8 Julie 1948, D.V., word 'n eeufees te Schoemansdal, 12 myl wes van Louis Trichardt, gehou ter ere van die Voortrekkers wat die Noordelike Transvaal bewoonbaar gemaak het.

Toesprake sal gelewer word deur dr. E. G. Jansen, voorsitter van die Sentrale Monumente-komitee, prof. J. C. van Rooy, voorsitter van die F.A.K., en dr. W. du P. Erlank. Kerkdienste sal

(Vervolg in vorige kolom)

(Vervolg van volgende kolom)

o.m. gelei word deur dr. Wm. Nicol, di. D. N. Kotze, Joh. Dreyer, J. H. M. Stoffberg en andere.

Die program omvat verder filmvertonings, koorsang, volkspele en Boeresport en 'n bekende Boere-orkes sal optree.

Alle geriewe word in die kamp verseker.

Die voorneme is om 'n Gedenkteken ter ere van die Voortrekkers op te rig.

Om 'n sukses van hierdie pragtige onderneming te maak, is fondse dringend nodig. 'n Vriendelike beroep word op die publiek gedoen om iets by te dra. Alle bydraes kan aan die Sekretaris, Posbus 170, Louis Trichardt, gestuur word. Staanplek op die feesterrein teen 5/- en tente teen 'n redelike prys kan ook by die Sekretaris bespreek word.